DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**2 Mei 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus 13: 24-30; 36-43 asook NGB Art 29 |
| **Tema** | Die ware en die valse lewe langs mekaar tot die wederkoms |
| **Sang** | Psalm 84: 1, 2<br>32: 3, 5<br>Skrifberyming 2-4: 1, 3<br>Psalm 33: 5, 6<br>84: 3, 6 |

Jesus vertel die gelykenis van die onkruid tussen die koring in sy der-de toespraak oor die koninkryk (Matt 13). Die punt van die gelykenis is dat 'n mens nie te gou moet oordeel op 'n individuele menslike vlak nie, want die koring en die onkruid (drabok) kan eers met die oes helder van mekaar onderskei word. Jesus wil ons leer om die gemengde werklikheid van gelowiges en ongelowiges wat langs mekaar bestaan, te verdra. Die inherente konflik tussen waardestelsels en geloof in die samelewing sal ons moet verduur, totdat God se geregtigheid uiteindelik seëvier.

Maar, daarmee is alles nie gesê nie. Dit is ook een van die gelykenisse wat Guido de Bres gebruik in die NGB art 29 om die onderskeid tussen die ware en die valse kerk te beskryf. Die gelykenis beteken nie dat ons geen onderskeid op gemeente en kerklike vlak mag maak nie. Inteendeel. Die kerk mag en moet seker maak dat hulle in alles volgens die leer van die Woord leef. Die ware kerk kan onderskei word "wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken." Dit sluit die prediking, die sakramente en die tug in.

Die kerk moet seker maak dat die Woord van God alleen gesag dra. Alle leringe en lewenswyses wat daarmee in stryd is, moet deur die ware kerk (koring) verwerp word, anders loop hulle self die gevaar om as 'n valse kerk (drabok) gebrandmerk te word. Hoe ken ons die valse kerk uit? Die valse kerk ken "aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God." Die valse kerk neem boonop weg uit die Woord en voeg daaraan by: "na eie goeddenke." En die valse kerk vervolg dié "wat volgens die Woord van God heilig lewe."

In terme van die gelykenis: Die valse kerk is sag op sonde en sag op die wet van God. Soos Jesus in die gelykenis sê, die onkruid is "almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree (anomia)." Dit raak al hoe duideliker, soos die Heilige Gees dit al aan Paulus geopenbaar het, dat in die laaste tye sommige mense sal wegdraai van wat ons glo; hulle sal leuengeeste volg en leerstellings wat van bose geeste af kom; hulle sal voorgee om godsdienstig te wees, maar hulle gewete sal morsdood wees (1 Tim 4:1-2).

Paulus roep die ware kerk daarom op om nie soos nie-Christene te lewe nie. Hulle gee immers nie om vir wat reg of verkeerd is nie. Hulle gee hulleself oor aan losbandigheid, en beoefen so gretiglik elke vorm van onreinheid. Maar dit is nie hoe gelowiges Christus leer ken het nie!

Die ware kerk moet Christus lewe. Ons moet breek met die ou, sondige mens wat deur sondige begeertes verteer word. Ons gees en gedagtes moet nuut word. Ons moet lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is. Ons moet volkome lewe volgens die wil van God en heilig wees (Ef 4:17-24).

## OOG VIR MEKAAR



* Ons innige simpatie en meelewing met Johan en Nadia Kotze wie se pa, Dries, Sondagaand oorlede is. Ons bid julle die Here se troos en bystand toe.
* Ons innige simpatie en meelewing met Lacya Grobler wie se man, Kon, Donderdag oorlede is. Ons bid jou en die familie die troos van die Here toe.
* Ons is dankbaar dat Annette Kruger tuis is na haar knievervanging. Ons bede is dat die pyn spoedig minder sal wees en dat jy vinnig weer aan die gang sal wees.
* Ons bid vir Rika Schutte, Zoë Erasmus en Hennie Oelofse wat behandeling vir kanker ontvang. Mag ons Vader julle versterk deur die tyd.
* Ons bid vir almal wat geestelike swaarkry en aan groot druk onderworpe is. Mag die Here ons oë hemelwaarts optel, sodat ons besef dat Hy altyd in beheer van ons lewe is.
* DV 9 Mei ontmoet graad 10, 11 en 12 ds Sarel in die konsistorie na die erediens.

# TEESKINKBEURTE

**2 Mei 2021** Almal wat beskikbaar is.

**9 Mei 2021** Almal wat beskikbaar is.



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# HEMELVAART DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemelvaart Dag*** 13 Mei 2021 om 18:00. Onthou om asb vroegtydig plekke te bespreek vir hierdie dienste.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 4 Mei 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 5 Mei 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 6 Mei 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 10 Mei 2021 | 18:00 | Kerk | Diakens Verg. |
| 16 Mei 2021 | 16:00 | Kerk | Breëkerkraad Verg. |



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

God is my redding en my krag.

Hy is my rots, my sterkte,

God is my toevlug.

*Psalm 62:8*



# KALENDER



## *Verjaarsdae*


| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend /Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| Ma 3 Mei | Colette Albertyn<br>Natania Carstens | 48<br>32 | B<br>B | 078 224 6734<br>074 570 9357 |
| Di 4 Mei | Martie Maritz<br>Estelle Snyman<br>Johan Kotze | 69<br>59<br>40 | B<br>B<br>B | 083 461 6974<br>082 414 3795<br>083 422 2073 |
| Wo 5 Mei | Linamari Slabbert<br>Hendri Korff<br>Karen Krüger | 53<br>51<br>45 | B<br>B<br>B | 082 684 5145<br>083 602 0064<br>072 709 0747 |
| Do 6 Mei | ***Dawn Hattingh ****<br>***Johan Snyman ****<br>Elmarie Swanepoel<br>Jan-Albert Coetzee | ***78***<br>***71***<br>36<br>31 | B<br>B<br>B<br>B | 081 320 2235<br>082 935 8954<br>073 801 4149<br>078 451 8425 |
| Vr 7 Mei | Larizane Meintjies | 5 | D | 079 250 2338 |
| Sa 8 Mei | ***Marie Seegers **** | ***79*** | B | 082 460 8264 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 2 Mei 2015 | Ryno en Elmarie Swanepoel | 6 | 079 631 5702<br>073 801 4149 |
| 3 Mei 2008 | Burger en Retha Grobler | 13 | 071 885 8928<br>082 787 2677 |


BASAAR
Saterdag oggend
31 Julie 2021
Vanaf 08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| | (015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede Kerkkas** | ABSA Tak 334-248 Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005 Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Jesus antwoord: "Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens. Die saailand is die wêreld. Die goeie saad, dit is die mense van die koningkryk; die onkruid is die aanhangers van die Bose*

*Matteus 13: 37, 38.*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS